



Lêerno.: 23/2/13/1/ Teacher Development Courses and Webinars
Verwysing: 20240320-2703

Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituutminuut: 0001/2024

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Subdirektorate en Afdelings (Hoofkantoor), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

Onderwerp: Kursusse en webinare vir opvoederontwikkeling wat in Kwartaal 2 en 3 (2024) en Kwartaal 1 (2025) by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut aangebied sal word

1. In Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituutminuut 0003/2023 van 02 Mei 2023 het die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) aangekondig dat dit weer, tydens skoolkwartale of gedurende skoolvakansies, SARO-ondersteunde kursusse, konferensies, webinare en seminare vir opvoederontwikkeling aan prinsipale, adjunkprinsipale, departementele hoofde en opvoeders sal aanbied.
2. Die bogenoemde minuut het verder vermeld dat slegs kursusse vir Kwartaal 1 beskikbaar sal wees en dat verdere kommunikasie aangestuur sal word om kursusse wat vir Kwartaal 2 en 3 beskikbaar sal wees, by te werk.
3. Hierdie minuut dien om skole en personeel in te lig van alle professionele leergeleenthede vir opvoeders wat deur KOLI aangebied word, d.w.s. alle kursusse en webinare wat vir Kwartaal 2 en 3 van 2024 (Bylae A.1) en Kwartaal 1 van 2025 beskikbaar is.
4. Alle kursusse en webinare wat deur die KOLI in Kwartaal 2 en 3 (2024) en Kwartaal 1 (2025) aangebied sal word, is op die KOLI se webwerf beskikbaar: www.wcedctli.co.za.
5. Kursusse sal in verskillende modaliteite aangebied word en sal aanlyn sessies, kontaksessies of 'n gemengde modus insluit, d.w.s. 'n kombinasie van aanlyn en kontaksessies. Die toepaslike modus word in Bylae A.1 aangedui.
6. Die KOLI sal ook 'n proefprogram vir gedentraliseerde opleiding in geselekteerde landelike distrikte vir die 2024/2025-boekjaar aanbied. Die gedentraliseerde opleidingsgeleenthede word ook in Bylae A.1 gelys.

7. Opvoeders wat belangstel om professionele leergeleenthede van die KOLI by te woon, moet via die KOLI-webwerf registreer (die aanmeldings- en registrasieproses word in Bylae B uiteengesit).
8. Waar kursusse via kontaksessies aangebied word, d.w.s. vir 10 aaneenlopende dae, sal die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) aflosopvoeders in diens neem vir die duur van hierdie kursusse wat gedurende skoolkwartale deur opvoeders by die KOLI bygewoon word, met dien verstande dat:
 - daar geen botallige opvoeder by die skool is nie;
 - die opvoeder nie 'n opvoeder is wat deur die beheerliggaam betaal word nie; en
 - die opvoeder nie reeds vir 'n ander opvoeder waarneem nie.
9. Dit is die skool se verantwoordelikheid om 'n geskikte aflosopvoeder te vind en te benoem vir 'n opvoeder wat die kursus bywoon, soos in paragraaf 8 genoem. Verwys asseblief na die WKOD se Omsendbrief 0036/2022 van 22 September 2022 met betrekking tot die aanstelling van ongekwalifiseerde opvoeders.
10. Die aantal opvoeders wat kontaksessies bywoon, sal beperk word volgens die lokaal se kapasiteit.
11. Neem asseblief kennis dat die KOLI die primêre perseel sal wees waar hierdie kontakopleidingsessies sal plaasvind.
12. Die KOLI se gedentraliseerde opleidingskursusse, wat in Bylae A.1 in vetdruk verskyn, sal slegs vir die opvoeders in die bepaalde distrik beskikbaar wees, soos aangedui.
13. Moet asseblief nie huiwer om met die volgende KOLI-programkoördineerders in verbinding te tree om meer inligting oor die KOLI se professionele leergeleenthede te bekom nie:

Naam	Tel.	E-pos
Kursusse en seminare vir professionele ontwikkeling		
Tamaryn Petersen	021 900 5039	Tamaryn.Petersen@westerncape.gov.za
Cleopatra Pienaar	021 900 5039	Cleopatra.Pienaar@westerncape.gov.za
Kursusse en webinare vir die Grondslagfase		
Magdalena Benn	021 900 5016	Magdalena.Benn@westerncape.gov.za
Lucia Booysen	021 900 5054	Lucia.Booyesen@westerncape.gov.za
Kursusse en webinare vir die Intermediêre Fase en Senior Fase		
Natasha Fouché	021 900 5018	Natasha.Fouche@westerncape.gov.za
Kursusse en webinare vir Inklusiewe Onderwys		
Adele Smith	021 900 5055	Adele.Smith@westerncape.gov.za

Kursusse en webinare vir die Verdere Onderwys- en Opleidingsband		
Gaironesa Daniels	021 900 5020	Gaironesa.Daniels@westerncape.gov.za
Seminare en webinare vir IKT-integrasie-intervensies		
Christo Davids	021 900 5021	Christo.Davids2@westerncape.gov.za
Leierskapakademie (Skoolleierskap en -bestuur)		
Melvina September	021 900 5031	Melvina.September@westerncape.gov.za

14. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-03-26